**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. 1038/2004

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

en

**FREDDY SELLO NALA**

---

**CORAM:** **LOMBARD, R**

---

**GELEWER OP:** **22 JULIE 2004**

---

Die beskuldigde is tereg aan ontvlugting (oortreding artikel 117(a), Wet 111 van 1998) skuldig bevind en tot 2 jaar gevangenisstraf gevonnis.

In antwoord op 'n vraag deur die Regter-President aangaande die vonnis het die landdros, onder meer, as volg gereageer:

> "Volgens die aanklaer is daar sake van 2002 wat nou weer teen beskuldigde geopen moet word. Van die sake is al afgehandel teen ander beskuldigdes, wat dit waarskynlik nou moeiliker gaan maak vir die Staat om die aanklagte teen beskuldigde te bewys, aangesien hy nou die blaam op die ander beskuldigdes gaan pak. Staatsgetuies sal nou vir 'n tweede keer gedagvaar moet word om te getuig, indien hulle nog beskikbaar is.

> Beskuldigde het dus met sy optrede die verloop van die regspleging belemmer. Dit kan nie geduld word nie."

Vir soverre dit bogemelde aanhaling aangaan, word die landdros verwys na Hiemstra – **Suid-Afrikaanse Strafproses** – 6de uitgawe op p.692 waar die volgende gesê word:

> "Soms beskik die hof egter oor geregtelike kennis van strafverswarende inligting, byvoorbeeld die hoë voorkoms van die betrokke misdaad in die hof se regsgebied (***S v Boesigo*** 1956 (1) SA 234 (A) op 237H), waarvoor die hof beswaarlik sy oë kan sluit. Dit is dan die voorsittende beampte se plig om die partye daaroor in te lig en hul die geleentheid te bied om daarmee te handel, hetsy met getuienis of andersins (***S v Smith*** 1977 (2) SA 954 (A) op 960G-H). Private inligting waaroor die hof beskik, in teenstelling tot dié waarvan geregtelike kennis geneem kan word, mag nooit gebruik word nie (***S v Mkhwanazi*** 1989 (2) SA 802 (T))."

Dat die beskuldigde se gedrag laakbaar is en dat direkte gevangenisstraf aangewese is, staan vas. Ek bly egter van oordeel dat in al die omstandighede die opgelegde vonnis so onvanpas is dat inmenging aangewese is.

Die beskuldigde is 'n 27-jarige eerste oortreder met geen afhanklikes. Dit is verder duidelik uit die ondervraging ingevolge artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet dat die beskuldigde, nadat die selmuur deur 'n mede-aangehoudene oopgekap was, hy vir ongeveer "10 minute daarna gewag

het voordat hy besluit het om te vlug" m.a.w. die initiatief om te ontsnap was nie syne nie.

Die skuldigbevinding word bekragtig maar die vonnis word deurgehaal en vervang met

"Twaalf (12) maande gevangenisstraf" wat geag sal word op 15 Junie 2004 opgelê te gewees het.

**D.J. LOMBARD, R**

/scd